(a) hereby declare the properties mentioned herein to be part of the West Coast National Park; and

(b) hereby amend Schedule 1 to the said Act by the addition to the definition of the said park of the description of the undermentioned properties namely—

(i) Portion 1 of the farm Geelbek 360, in extent 179,1405 ha;

(ii) Remainder of the farm Geelbek 360, in extent 2751,0677 ha;

(iii) Portion 1 of the farm Abrahams Kraal 449, in extent 923,3415 ha;

(iv) Remainder of the farm Abrahams Kraal 449, in extent 1093,9798 ha;

(v) Remainder of the farm Bottellary 353, in extent 1108,4407 ha;

(vi) Portion 1 of the farm Schrywershoek 362, in extent 1,6964 ha;

(vii) Portion 6 of the farm Schrywershoek 362, in extent 25,0023 ha;

(viii) Portion 7 of the farm Schrywershoek 362, in extent 24,8539 ha;

(ix) Portion 10 of the farm Schrywershoek 362, in extent 115,5849 ha;

(x) Remainder of the farm Schrywershoek 362, in extent 626,2984 ha; and

No. 1390

30 Junie 1989

OMSKRYWING VAN GROND AANGEWYS AS 'N ONTWIKKELINGSGBIED IN DIE DISTRIK VANDERBIJLPARK

Kragtens artikel 33 (3) van die Wet op die Ontwikkeling van Swart Gemeenskappe, 1984 (Wet No. 4 van 1984), omskryf ek, Roelof Petrus Meyer, Adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning, in die Bylae hiervan grond wat ingevolge artikel 33 (1) van bedoelde Wet as 'n ontwikkelingsgebied aangewys is.

R. P. MEYER,

Adjunk-minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning.

(Lêer A6/5/2/S16)

BYLAE

'n Sekere stuk grond, ongeveer 120 ha groot, synde 'n Proklamasiegebied oor Gedeelte 63 (Johandeo Landbouhoeves) van die plaas Rietspruit 535 IQ, Transvaal, soos aangetoon op Landmeter-generaaldia-gram 3318/89.

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE

No. 1374

30 Junie 1989

WESKUS NASIONALE PARK.—UITBREIDING VAN GRENS

Ek, Gert Jeremias Kotzé, Minister van Omgewingsake, kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 2 (2) (b) van die Wet op Nasionale Parke, 1976 (Wet No. 57 van 1976)—

(a) verklaar hierby die hieringemelde eiendomme tot deel van die Weskus Nasionale Park; en

(b) wysig hierby Bylae 1 van die genoemde Wet deur die byvoeging van die omskrywing van voormelde park van die beskrywing van ondergenoemde eiendomme naamlik—

(i) Gedeelte 1 van die plaas Geelbek 360, groot 179,1405 ha;

(ii) Restant van die plaas Geelbek 360, groot 2751,0677 ha;

(iii) Gedeelte 1 van die plaas Abrahams Kraal 449, groot 923,3415 ha;

(iv) Restant van die plaas Abrahams Kraal 449, groot 1093,9798 ha;

(v) Restant van die plaas Bottellary 353, groot 1108,4407 ha;

(vi) Gedeelte 1 van die plaas Schrywershoek 362, groot 1,6964 ha;

(vii) Gedeelte 6 van die plaas Schrywershoek 362, groot 25,0023 ha;

(viii) Gedeelte 7 van die plaas Schrywershoek 362, groot 24,8539 ha;

(ix) Gedeelte 10 van die plaas Schrywershoek 362, groot 115,5849 ha;

(x) Restant van die plaas Schrywershoek 362, groot 626,2984 ha; en

(xi) the Sea-shore as defined in the Sea-shore Act, 1935 (Act No. 21 of 1935), situate opposite the farm Abrahams Kraal 449, the coastal strip adjacent to Portion 1 of the farm De Hoek 450, and Portion 20 (a portion of Portion 19) of the farm Yzerfontein 560;

all situate in the Administrative District of Malmesbury, Province of the Cape of Good Hope.

Signed at Cape Town this 20th of June 1989.

G. J. KOTZÉ,
Minister of Environment Affairs.

DEPARTMENT OF HOME AFFAIRS

No. 1336 30 June 1989

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—GANI TO JOOSUB

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Dawood Gani his wife Sajeda Banu and children Adilah Joosub and Shazian Joosub, residing at 24 Colling Street, Stanwest, Standerton, to assume the surname of Joosub.

No. 1347 30 June 1989

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—ALLIE TO O'NEAL

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Shaun Allie, residing at A5 Schoongezicht, Main Road, Kenilworth, to assume the surname of O'Neal.

No. 1348 30 June 1989

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—LEGOABE TO LAWRENCE

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Michael Daniel Legoabe, residing at 448 Hans Coverdale East, Eersterust, to assume the surname of Lawrence.

No. 1372 30 June 1989

ALIENS ACT, 1937

CHANGE OF SURNAME.—SUBRAMONEY TO GOVENDER

The Minister of Home Affairs has been pleased under the provisions of section 9 of the Aliens Act, 1937 (Act No. 1 of 1937), to authorise Lutchmansamy Subramoney, his wife Savathrie and children Selvarasan Subramoney and Adeen Subramoney, residing at 3 Tollbury Place, Eastbury, Phoenix, to assume the surname of Govender.

(xi) die Strand soos omskryf in die Strandwet, 1935 (Wet No. 21 van 1935), geleë teenoor die plaas Abrahams Kraal 449, die kusstrook aangrensend aan Gedeelte 1 van die plaas De Hoek 450, en Gedeelte 20 ('n gedeelte van Gedeelte 19) van die plaas Yzerfontein 560;

almal geleë in die Administratiewe distrik Malmesbury, provinsie die Kaap die Goeie Hoop.

Geteken te Kaapstad op hede die 20ste dag van Junie 1989.

G. J. KOTZÉ,
Minister van Omgewingsake.

DEPARTEMENT VAN BINNELANDSE SAKE

No. 1336 30 Junie 1989

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—GANI IN JOOSUB

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Dawood Gani en sy vrou Sajeda Banu en kinders Adilah Joosub en Shaziah Joosub, woonagtig te Collingstraat 24, Stanwest, Standerton, te magtig om die van Joosub aan te neem.

No. 1347 30 Junie 1989

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—ALLIE IN O'NEAL

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Shaun Allie, woonagtig te A5 Schoongezicht, Mainweg, Kenilworth, te magtig om die van O'Neal aan te neem.

No. 1348 30 Junie 1989

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—LEGOABE IN LAWRENCE

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Michael Daniel Legoabe, woonagtig te Hans Coverdale-Oos 448, Eersterust, te magtig om die van Lawrence aan te neem.

No. 1372 30 Junie 1989

WET OP VREEMDELINGE, 1937

VANSVERANDERING.—SUBRAMONEY IN GOVENDER

Dit het die Minister van Binnelandse Sake behaag om, kragtens die bepalings van artikel 9 van die Wet op Vreemdelinge, 1937 (Wet No. 1 van 1937), Lutchmansamy Subramoney, sy vrou Savathrie en kinders Selvarasan Subramoney en Adeen Subramoney, woonagtig te Tollbury Place 3, Eastbury, Phoenix, te magtig om die van Govender aan te neem.

REPUBLIEK
VAN
SUID-AFRIKA



REPUBLIC
OF
SOUTH AFRICA

Staatskoerant Government Gazette

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **70c** Local
Buitelands **R1,00** Other countries
Posvry • Post free

**Regulasiekoerant
Regulation Gazette**
No. 4556

As 'n Nuusblad by die
Poskantoor geregistreer
Registered at the Post Office
as a Newspaper

Vol. 303

PRETORIA, 21 SEPTEMBER 1990

No. 12755

GOEWERMENSKENNISGEWING

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE

No. R. 2243

21 September 1990

WET OP NASIONALE PARKE, 1967

REGULASIES BETREFFENDE DIE
WESKUS NASIONALE PARK

Die Nasionale Parkeraad het kragtens artikel 29 van die Wet op Nasionale Parke, 1976 (Wet No. 57 van 1976), met die goedkeuring van die Minister van Omgewingsake, die regulasies in die Bylae, uitgevaardig.

BYLAE

WOORDOMSKRYWING

1. In hierdie regulasies het enige woord of uitdrukking waaraan daar in die Wet 'n betekenis geheg is, daardie betekenis, en tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

- “agterstewe” die agterste gedeelte van 'n vaartuig;
- “bakboord” die linkerkant van 'n vaartuig gesien vanaf die agterstewe;
- “bespanne voertuig” enige voertuig wat deur 'n dier getrek word;
- “boeg” die voorste gedeelte van 'n vaartuig;
- “die Wet” die Wet op Nasionale Parke, 1976 (Wet No. 57 van 1976);
- “huisboot” enige vaartuig, hetsy dit deur eie kragbron aangedryf word of nie, waarop geriewe vir dag- of nagverblyf of enige vorm van voedselbereiding, toilet of wasgeriewe aangebring is;
- “kano” 'n vaartuig, ook 'n skiroei, wat ontwerp is om deur middel van skepspane sonder enige meganiese hulp aangedryf te word;
- “kennisgewing” 'n leesbare kennisgewing in beide amptelike tale in 'n ooglopende posisie opgerig of opgeplak;

GOVERNMENT NOTICE

DEPARTMENT OF ENVIRONMENT AFFAIRS

No. R. 2243

21 September 1990

NATIONAL PARKS ACT, 1976

REGULATIONS RELATING TO THE
WEST COAST NATIONAL PARK

The National Parks Board has in terms of section 29 of the National Parks Act, 1976 (Act No. 57 of 1976), with the approval of the Minister of Environment Affairs, made the regulations in the Schedule.

SCHEDULE

DEFINITIONS

1. In these regulations any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act shall bear that meaning, and unless the context otherwise indicates—

- “animal-drawn vehicle” means any vehicle that is being drawn by an animal;
- “bow” means the front part of a vessel;
- “canoe” means a vessel, also a paddleski, designed to be propelled by means of paddles without any mechanical assistance;
- “helmsman” means a person who steers or controls a vessel;
- “houseboat” means any vessel, irrespective of whether it is propelled under its own power, upon which facilities for day or night accommodation or any kind of food preparation, toilet or washing facilities have been fitted;
- “life-saver” means a person who is employed in that capacity or appointed by the board;
- “national park” means the West Coast National Park as defined in Proclamation No. 138 of 30 August 1985;
- “notice” means a legible notice in both official languages erected or affixed in a prominent position;

- “lewensredder” ’n persoon wat in daardie hoedanigheid in diens is van of aangestel is deur die raad;
- “motorboot” ’n vaartuig wat deur middel van ’n masjien of ander meganiese apparaat, hetsy binne- of buiteboords geïnstalleer, aangedryf word, ongeag of sodanige masjien of apparaat die hoofkragbron is, al dan nie;
- “nasionale park” die Weskus Nasionale Park soos in Proklamasie No. 138 van 30 Augustus 1985 omskryf;
- “roeiboot” ’n vaartuig wat ontwerp is om deur middel van roeispane sonder enige meganiese hulp aangedryf te word;
- “seilboot” ’n vaartuig wat uitsluitlik deur die uitwerking van wind op ’n seil of seile aangedryf word;
- “seilplank” ’n vaartuig wat uitsluitlik deur die uitwerking van wind op ’n seil of seile aangedryf word en ontwerp is sodat ’n persoon dit in ’n staande posisie met ’n seil stuur en hanteer;
- “sigbaar” waarneembaar deur iemand met redelike gesigsvermoë gedurende ’n donker nag met ’n helder atmosfeer;
- “stuurboord” die regterkant van ’n vaartuig gesien vanaf die agterstewe;
- “stuurman” iemand wat ’n vaartuig bestuur of beheer;
- “vaar” die toestand waarin ’n vaartuig verkeer as dit nie geanker of vasgemeer is of op droë grond is nie;
- “vaartuig” enige vervoermiddel wat op, in of oor water kan vaar en ontwerp is vir navigasie op of in die water;
- “voertuig” enige vervoermiddel, waarin, waarop of waarmee persone of goedere op land vervoer kan word;
- “watergebied” die water en die bedding van enige getystrandmeer, natuurlike meer, getyri- vier of rivier of enige gedeelte daarvan, geleë binne die nasionale park, met inbegrip van die water en die land tussen die laagste lyn en die hoogste lyn waartoe die watervlak in sodanige getystrandmeer, natuurlike meer, getyri- vier of rivier of enige gedeelte daarvan te eniger tyd kan daal of styg;
- “waterski” om op of in die water te ski of te skaats met of sonder die hulp van enige vorm van skaatstoestel terwyl die waterskiër deur middel van ’n sleeptou deur ’n vaartuig getrek word.

OPRIGTING, BEWONING OF BESKADIGING VAN VERBETERINGS

2. Niemand mag binne die nasionale park —

- (a) sonder die skriftelike goedkeuring van die raad of in stryd met die voorwaardes deur die raad gestel, enige gebou, struktuur of verbetering oprig of laat oprig nie, en waar enige sodanige oprigting in stryd met hierdie regulasie geskied, kan die raad die betrokke gebou, struktuur of verbetering laat afbreek en verwyder en die koste verhaal op die persoon wat dit opgerig of laat oprig het;
- (b) enige bestaande gebou of struktuur sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die raad of in stryd met die voorwaardes deur die raad gestel, beset, betrek, bewoon of benut nie;
- (c) enige gebou of struktuur of verbetering beskadig of vernietig nie;

- “port” means the left side of a vessel seen from the stern;
- “power boat” means a vessel propelled by means of an engine or other mechanical apparatus, installed either inboard or outboard, irrespective of whether such engine or apparatus is the main source of power;
- “rowing boat” means a vessel designed to be propelled by means of oars without any mechanical assistance;
- “sail” means the position of a vessel when it is not anchored, or moored or on dry land;
- “sailing boat” means a vessel propelled exclusively by the effect of the wind on a sail or sails;
- “starboard” means the right side of a vessel seen from the stern;
- “stern” means the back part of a vessel;
- “the Act” means the National Parks Act, 1976 (Act No. 57 of 1976);
- “vehicle” means any vehicle in, on or with which goods can be transported on land;
- “vessel” means any means of conveyance, floating on, in or over water and designed for navigation on or in water;
- “visible” means perceptible by somebody with a reasonable eyesight during a dark night when the atmosphere is clear;
- “water area” means the water and the bed of any tidal lagoon, natural lake, tidal river or river or any part thereof, situated within the national park including the water and the land between the lowest line and the highest line to which the water-level of such tidal lagoon, natural lake, tidal river or river or any part thereof recede or rises at any time;
- “water ski” means to ski or skate on or in the water with or without the assistance of any kind of skating apparatus while the water skier is towed by a vessel by means of a towing-rope;
- “windsurfer” means a vessel propelled exclusively by the effect of the wind on a sail or sails, designed to be steered or handled by a person in a standing position.

ERECTION, OCCUPYING OR DAMAGING OF IMPROVEMENTS

2. In the national park no person shall —

- (a) without the written approval of the board and subject to the conditions laid down by the board, erect, or cause to be erected, any building, structure or improvement, and if any such erection takes place in conflict with this regulation, the board may cause the building, structure or improvement concerned to be demolished and removed and may recover the costs from the person who has erected it or caused it to be erected;
- (b) without the prior written approval of the board and subject to the conditions laid down by the board, occupy, move into, inhabit or use any existing building or structure;
- (c) damage or destroy any building or structure or improvement;

(d) enige heining of hek beskadig, verwyder of vernietig nie of oor of deur sodanige heining of hek klim nie.

VERWYDERING VAN MATERIAAL

3. Niemand mag binne die nasionale park enige hout, brandhout, sand, gruis, klip of ander materiaal verwyder nie.

MAAK VAN VURE

4. Niemand mag sonder die magtiging van die raad binne die nasionale park 'n oop vuur aansteek of laat aansteek nie, tensy sodanige vuur behoorlik ingesluit is in 'n vuurmaakplek of houder wat vir dié doel deur die raad beskikbaar gestel is.

BEWEIDING, HOU VAN DIERE EN LANDBOU-PRAKTYKE

5. (1) Niemand mag sonder die voorafverkreë skriftelike goedkeuring van die raad of in stryd met die voorwaardes deur die raad gestel, binne die nasionale park enige landbou- of tuinboubedrywighede beoefen of enige dier daarop laat wei of toelaat om dit te betree nie.

(2) Enige dier wat in stryd met subregulasie (1) binne die nasionale park gevind word, kan deur 'n beamppte van die raad gevang en geskut word.

BESKADIGING OF PEUTER VAN RAADS-EIENDOM

6. Niemand mag binne die nasionale park—

(a) aan enige voertuig, vaartuig, of aan enige ander werktuig wat die eiendom van die raad is, peuter, dit in werking stel of beskadig nie of sonder die toestemming van 'n beamppte of gemagtigde werknemer van die raad daarop klim of aan boord daarvan gaan nie;

(b) enige gebou, gemakshuisie, skuilplek, kleedkamer, hawehoof, aanlegsteier, vlot, reddings-toestel of ander gerief wat deur die raad in die nasionale park verskaf of aangebring is, beskadig, verander, verskuif, verwyder of daarmee peuter nie of in stryd met aanwysings in 'n kennisgewing van die raad, gebruik nie;

(c) uitgesonderd 'n lewensredder of 'n persoon gemagtig deur die raad, 'n kennisgewing of ander teken wat in die nasionale park ingevolge hierdie regulasies aangebring is, verskuif, skend of andersins daarmee peuter nie.

AANBRING VAN KONSTRUKSIES OF VERSPERRINGS

7. Niemand mag sonder die skriftelike goedkeuring van die raad of in stryd met die planne, spesifikasies en voorwaardes deur die raad goedgekeur en gestel enige hawehoof, dok, pier, aanlegvlot, boei, dryfanker, merker, ankerboei, vlot, heining, versperring, brug, pont, pad of oorgang in die nasionale park plaas of aanbring nie.

PLASING VAN VIS EN PLANTE

8. Niemand mag sonder die goedkeuring van die raad in die nasionale park enige vis of waterplant of gedeelte van 'n vis of waterplant, hetsy dood of lewendig, plaas nie of enigiets doen of nalaat om te doen wat kan veroorsaak dat sodanige vis of waterplant in die watergebied gevestig raak nie: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie van toepassing is nie op 'n lewende vis wat teruggeplaas word onmiddellik nadat dit gevang is.

(d) damage, remove or destroy any fence or gate or climb over or through such fence or gate.

REMOVAL OF MATERIAL

3. In the national park no person shall remove any wood, firewood, sand, gravel, stone or other material.

LIGHTING OF FIRES

4. In the national park no person shall without the approval of the board light or cause any open fire to be lighted, unless such fire is properly contained in a fire-place or container made available by the board for that purpose.

GRAZING, KEEPING OF ANIMALS AND AGRICULTURAL PRACTICES

5. (1) In the national park no person shall without the prior written approval of the board or contrary to the conditions laid down by the board, carry on any agricultural or gardening activities or allow any animal to graze thereon or enter upon it.

(2) Any animal which is found in the national park in conflict with subregulation (1), may be removed to a pound by an official of the board.

DAMAGING OR INTERFERENCE WITH PROPERTY OF THE BOARD

6. In the national park no person shall—

(a) tamper with any vehicle, vessel, or any other implement which is the property of the board, or put it into operation or damage it or climb on it or board it without the permission of an officer or authorised employee of the board;

(b) damage, tamper with, change, remove or dispose of any building, convenience, shelter, changing-room, pier, landing stage, raft, buoy or other facility provided or erected by the board in the national park or use it in conflict with directions in any notice of the board;

(c) with the exception of a life-saver or a person authorised thereto by the board, move, deface or otherwise tamper with any notice or other sign-board, affixed to in the national park in terms of these regulations.

ERECTION OF CONSTRUCTIONS OR OBSTRUCTIONS

7. No person shall without the written approval of the board or in conflict with plans, specifications and conditions approved and set by the board, place or construct any jetty, dock, pier, landing stage, landing float, buoy, mooring, marker, anchor-buoy, raft, fence, obstruction, bridge, pont, road or crossing in the national park.

PLACEMENT OF FISH AND PLANTS

8. In the national park no person shall without the approval of the board deposit any fish or water plant or part of a fish or water plant, whether alive or dead, or do or fail to do anything which may result in such fish or water plant establishing itself in the water area: Provided that this provision shall not be applicable to live fish which is returned to the water immediately after it has been caught.

HERSTEL VAN VAARTUIE

9. Niemand mag sonder die goedkeuring van die raad in die nasionale park—

- (a) 'n vaartuig verf of vorige verflae van 'n vaartuig verwyder nie;
- (b) behalwe as 'n noodmaatreël, enige meganiese, elektriese of ander herstelwerk aan 'n vaartuig doen nie.

STORTING VAN MATERIAAL

10. Niemand mag sonder die goedkeuring van die raad in die nasionale park enige voorwerp, sand, grond, klippe, materiaal, hout, metaal, rioolvuil, toilet-afval, visafval, mis, brandstof of enige aanstootlike stof plaas, gooi, stort, laat of laat uitloop behalwe in geriewe wat deur die raad vir hierdie doel voorsien is nie.

AANSTEEKLIKE SIEKTE

11. Niemand mag sonder die goedkeuring van die raad in die nasionale park op enige wyse vertoef nie wel wetende dat hy aan 'n aansteeklike of besmetlike siekte ly.

ALGEMENE GEDRAG

12. Niemand mag, terwyl hy in die nasionale park is—

- (a) onweloweglike, aanstootlike of onfatsoenlike taal besig nie;
- (b) hom aanstootlik, onbehoorlik of wanordelik gedra nie;
- (c) nakend of onweloweglik geklee, vertoef, baai of 'n sonbad neem nie, of dit op 'n vaartuig is al dan nie;
- (d) opsetlik of nalatiglik enigiets doen wat onge-rief aan 'n ander persoon binne die nasionale park kan veroorsaak, of wat moontlik die vrede kan versteur nie.

VEILIGHEID VAN BAAIERS

13. (1) Niemand mag in enige deel van die watergebied waarin baaiery deur die raad of 'n diensdoen-ende lewensredder by wyse van 'n kennisgewing of herkenbare en verstaanbare tekens verbied is, baai nie.

(2) Niemand mag aan veiligheidstoue in die watergebied wat vir die beskerming van baaiers verskaf is, hang of daarop sit of dit laat sink nie of op enige manier met sodanige veiligheidstoue of ander toestelle wat verskaf is vir die hulp van baaiers wat in nood verkeer, peuter nie.

VOERTUIE/VAARTUIE/BYEENKOMSTE

14. Niemand mag, sonder die skriftelike toestem-ming van die raad of in stryd met die voorwaardes deur die raad gestel, in die watergebied—

- (a) 'n motorvoertuig, bespanne voertuig of fiets bring, daarop ry of bestuur nie;
- (b) enige huisboot aanhou nie;
- (c) enige vaartuig waarop passasiers of goedere teen betaling of vergoeding vervoer word, aanhou of gebruik nie;
- (d) enige georganiseerde watersportbyeenkoms, seil-, vaart-, roei- of motorbootwedstryd of enige vertoning hou nie;

Met dien verstande dat die regulasie nie van toepassing is nie op 'n ambulans terwyl dit wettiglik as sodanig gebruik word of op 'n voertuig wat in 'n noodgeval as 'n ambulans gebruik word of op 'n voertuig wat deur iemand in diens van die raad in die uitvoering van sy pligte gebruik word.

REPAIR OF VESSELS

9. In the national park no person shall without the approval of the board—

- (a) paint any vessel or remove previous coats of paint from any vessel;
- (b) do any mechanical, electrical or other repa-ration work to any vessel, except as an emergency measure.

DEPOSITING OF MATERIAL

10. In the national park no person shall without the approval of the board deposit, throw, dump, let out or drain any object, sand, ground, stones, material, wood, metal, effluent, sewage, fish offal, manure, fuel or any obnoxious material except in facilities provided by the board for this purpose.

CONTAGIOUS DISEASE

11. No person shall stay without the approval of the board in the national park in any way if he is conscious thereof that he is suffering from an infectious or conta-gious disease.

GENERAL BEHAVIOUR

12. No person shall, while he is in the national park—

- (a) use indecent, offensive or improper lan-guage;
- (b) behave in an offensive, improper or disorderly manner;
- (c) stay, bathe or sunbathe in the nude or not properly clothed, whether on a vessel or not;
- (d) wilfully or negligently do anything which will put any other person in the national park to incon-venience, or which may disturb the peace.

SAFETY OF BATHERS

13. (1) No person shall bathe in any part of the water area in which bathing is prohibited by the board or an officiating life-saver by means of a notice of recognisable and intelligible signs.

(2) No person may hang from or sit on safety ropes provided in the water area for the protection of bathers or cause them to sink or tamper in any manner with such safety ropes or other devices provided for the assistance of bathers in distress.

VEHICLES/VESSELS/MEETINGS

14. In the water area, no person shall without the written approval of the board or in conflict with the conditions laid down by the board—

- (a) bring, ride on or drive any motor vehicle, animal-drawn vehicle or bicycle;
- (b) keep any houseboat;
- (c) keep or use any vessel for the transport of passengers or goods for payment or reward;
- (d) hold any organised water-sports meeting, sailing, rowing or power boat competition or offer any display;

Provided that this regulation is not applicable to any ambulance while it is lawfully used as such or to any vehicle which is used in an emergency as an ambulance or to any vehicle used by a person in the service of the board in the execution of his duties.

TOERUSTING VAN VAARTUIE

15. Niemand mag 'n vaartuig, uitgesonderd 'n kano en 'n seilplank, in die watergebied gebruik nie tensy die volgende toerusting aan boord is:

- (a) 'n Doeltreffende reddingsgordel, vlotkussing, vlotband of ander dryfmiddel vir elke persoon aan boord;
- (b) voldoende en geskikte roeispane, skepspane of 'n paal om die vaartuig aan wal te bring;
- (c) 'n pomp of ander geskikte skeptoestel, tensy die vaartuig ontwerp is om met die aantal persone aan boord te dryf as dit vol water is;
- (d) in die geval van 'n motorboot wat gebruik word om 'n waterskiër te trek, 'n geskikte waterskitruspieël;
- (e) in die geval van 'n motorboot, 'n doeltreffende fluit of sirene wat gebruik kan word om 'n botsing te voorkom;
- (f) in die geval van 'n motorboot, 'n doeltreffende brandblusser;
- (g) 'n doeltreffende vlamstuiters vir elke vergaser van 'n petrolmasjien aan die vaartuig, behalwe 'n buiteboordmasjien;
- (h) 'n doeltreffende knaldemper aan die uitlaatpyp van 'n motoraangedrewe vaartuig;
- (i) wanneer 'n vaartuig tussen sonder en sonop gebruik word, ligte wat sigbaar is oor 'n afstand van minstens 200 meter en—
 - (i) in die geval van 'n motorboot of seilboot, 'n wit lig sigbaar uit alle rigtings;
 - (ii) in die geval van ander vaartuie as 'n motorboot, seilboot of kano, 'n lantern of 'n flitslig wat op 'n wyse vertoon moet word dat dit 'n botsing sal voorkom.

GEBRUIK VAN KANO

16. (1) Niemand mag 'n kano tussen sonder en sonop in die watergebied gebruik nie tensy 'n flitslig in goeie werkende toestand aan boord is.

(2) Niemand mag in die watergebied in 'n ander kano as 'n kano wat ontwerp is om te dryf as dit vol water is, vaar nie, tensy 'n doeltreffende reddingsgordel of ander dryfmiddel aan sy liggaam bevestig is of aan boord van die kano is.

GEBRUIK VAN SEILPLANK

17. Niemand mag 'n seilplank in die watergebied gebruik nie tensy 'n doeltreffende reddingsgordel, vlotkussing, vlotband of ander dryfmiddel vir elke persoon op so 'n seilplank beskikbaar is.

REDDINGSTOERUSTING

18. Alle reddingstoerusting aan boord van 'n vaartuig in die watergebied moet in goeie werkende toestand en maklik bekombaar wees vir onmiddellike en effektiewe gebruik.

DRAVERMOË VAN VAARTUIE

19. (1) 'n Vaartuig wat verhuur word of teen betaling in die watergebied vaar, moet 'n kennisgewing hê wat duidelik sigbaar is vir enige persoon wat van of aan boord gaan, waarin die hoeveelheid persone of grootte vrag wat dit volgens sy konstruksie mag dra, aangetoon word.

(2) Niemand mag op 'n vaartuig in die watergebied meer persone of 'n groter vrag as wat in die kennisgewing in subregulasie (1) bedoel, aangedui word, vervoer nie.

EQUIPMENT OF VESSELS

15. No person shall use any vessel, excluding a canoe and a windsurfer, in the water area unless the following equipment is on board:

- (a) An efficient life-belt, life-jacket, life-buoy or other floating device for each person on board;
- (b) sufficient and suitable oars, paddles or a pole to land the vessel;
- (c) a pump or other suitable bailer, unless the vessel has been designed to float with the number of persons on board if it is waterlogged;
- (d) in the case of a power boat which is used to tow a water skier, a suitable rear mirror;
- (e) in the case of a motor boat, an efficient whistle or siren which can be used to prevent a collision;
- (f) in the case of a motor boat, an efficient fire extinguisher;
- (g) an efficient flame-arrester for each carburetor of any petrol engine on the vessel except an outboard engine;
- (h) a efficient silencer on the exhaust of an engine-driven vessel;
- (i) when the vessel is used between sunset and sunrise lights which must be visible at a distance of at least 200 metres, and—
 - (i) in the case of a power boat or sailing boat, a white light visible from all directions;
 - (ii) in the case of vessels other than a power boat, sailing boat or canoe, a lantern or flashlight which is to be shown in a way which shall prevent collisions.

USE OF CANOE

16. (1) No person shall use a canoe in the water area between sunset and sunrise unless a flash light which is in good working condition is on board.

(2) No person shall use a canoe in the water area, other than a canoe designed to float when it is waterlogged, unless an efficient life-belt or other floating device is attached to his body or is on board the canoe.

USE OF WINDSURFER

17. No person shall use a windsurfer in the water area unless an efficient life-belt, life-jacket, life-buoy or other floating device for each person is available on such windsurfer.

LIFE-SAVING APPARATUS

18. All life-saving apparatus on board a vessel in the water area must be in good working condition and within easy reach for immediate and effective use.

CARRYING CAPACITY OF VESSELS

19. (1) A vessel which is hired out, or which is used in the water area for profit, must have a clearly displayed notice on which any person boarding or leaving the vessel can read the number of persons it can carry or its loading capacity according to its construction.

(2) In the water area, no person shall transport on a vessel more persons or a larger freight as indicated on the notice contemplated in subregulation (1).

BEPERKING OP DIE BEHEER VAN 'N VAARTUIG

20. (1) Niemand onder die ouderdom van 16 jaar mag 'n motorboot in die watergebied bestuur of beheer daarvoor uitoefen nie.

(2) Niemand tussen die ouderdom van 12 en 16 jaar mag 'n motorboot wat deur 'n masjien van 5,9 kilowatt of meer aangedryf word, in die watergebied bestuur of beheer daarvoor uitoefen nie, tensy die motorboot onder die direkte beheer is van 'n bevoegde persoon wat minstens 16 jaar oud is.

(3) Niemand mag in die watergebied 'n vaartuig bestuur of gebruik of in die bestuurdersplek sit van 'n motorboot waarvan die masjien loop, of waterski beoefen nie terwyl die persentasie alkohol in sy bloed, uitgedruk in gram per honderd milliliter bloed, 0,08 of meer is.

ONDERSOEK OF TOETSING VAN VAARTUIG

21. 'n Beampte of gemagtigde werknemer van die raad kan—

(a) enige vaartuig of 'n gedeelte daarvan of enige toerusting daarop of daarin ondersoek en toets ten einde te bepaal of die vaartuig geskik is vir navigasie op of in water en of daar aan die bepalinge van hierdie regulasies voldoen word;

(b) van die stuurman van 'n vaartuig enige inligting aangaande die vaartuig vereis en kan, indien die stuurman nie by magte is om die inligting te verstrek nie, die stuurman gelas om die vaartuig onverwyld uit die watergebied te verwyder tot tyd en wyl die inligting verstrek is;

(c) van die stuurman vereis om sy naam en adres of die naam en adres van die eienaar van die vaartuig en enige ander inligting wat vir identifikasiedoeleindes nodig is, te verstrek;

(d) van enige ander persoon in die vaartuig as die stuurman, vereis om sy naam en adres te verstrek asook enige ander inligting wat benodig word vir die identifisering van die stuurman of die eienaar van die vaartuig;

(e) indien dit vir hom voorkom of die stuurman van enige vaartuig weens fisiese of geestelike toestand, hoe dit ook al ontstaan het, nie in staat is om die vaartuig te bestuur of te beheer nie, die stuurman tydelik belet om voort te gaan om die vaartuig te bestuur of te beheer en enige reëlings tref wat na sy mening nodig of wenslik is vir die veilige beskikking oor die vaartuig;

(f) indien dit vir hom voorkom of die vraag of aantal persone wat in enige vaartuig vervoer word, meer is as waarvoor die vaartuig ontwerp en gebou is of meer is as wat inagnemende heersende omstandighede, met redelike veiligheid in die vaartuig vervoer kan word, die stuurman van sodanige vaartuig belet om voort te vaar tot tyd en wyl die vraag of aantal persone verminder is op die wyse wat hy nodig of wenslik ag;

(g) indien dit vir hom voorkom of enige vaartuig of gedeelte daarvan nie geskik is vir navigasie op of in die water nie, die stuurman gelas om die vaartuig onverwyld uit die watergebied te verwyder tot tyd en wyl die vaartuig of die gedeelte daarvan geskik gemaak is vir navigasie op of in die water;

RESTRICTION ON THE CONTROL OF A VESSEL

20. (1) No person under the age of 16 years shall drive a power boat in the water area or exercise control over it.

(2) No person between the age of 12 and 16 years shall drive a power boat powered by an engine of 5,9 kilowatts or more in the water area or exercise control over it unless the power boat is under the direct control of a capable person of at least 16 years of age.

(3) No person shall drive or use a vessel in the water area, or shall be in the driving seat of a power boat with its engine running, or shall water ski, while the percentage of alcohol in his blood expressed in grams per hundred millilitres of blood, is 0,08 or more.

INSPECTION OR TESTING OF VESSEL

21. An officer or authorised employee of the board may—

(a) inspect and test any vessel or part thereof or any equipment thereon in order to determine whether the vessel is suitable for navigation on or in the water and whether any provisions of these regulations have been complied with;

(b) call for any information regarding the vessel from the helmsman and may, if the helmsman is not in a position to furnish the information, order him to remove the vessel forthwith from the water area until such time as the information has been furnished;

(c) demand from the helmsman to furnish his name and address or the name and address of the owner of the vessel and any other information required for identification purposes;

(d) demand from any person in the vessel other than the helmsman, his name and address as well as any other information required for the identification of the helmsman or the owner of the vessel;

(e) if it appears to him that the helmsman of any vessel, owing to his physical or mental condition, irrespective of how this originated, is not capable of driving or controlling the vessel, temporarily forbid the helmsman to continue driving or controlling the vessel and may make any arrangements which in his opinion are necessary or advisable for the safe disposal of the vessel;

(f) if it appears to him that the load or number of persons transported in any vessel is more than that which the vessel was designed or built for or more than can be transported in reasonable safety under prevailing conditions, forbid the helmsman of such a vessel to proceed until the load or the number of persons has been reduced in the manner he considers necessary or advisable;

(g) if it appears to him that any vessel or part thereof is not suitable for navigation on or in the water, order the helmsman to remove the vessel forthwith from the water area until such time as the vessel or the part thereof has been made suitable for navigation on or in the water;

(h) indien dit vir hom voorkom of enige van die toerusting soos by hierdie regulasies voorgeskryf, nie aan boord van 'n vaartuig is nie of nie in 'n goeie werkende toestand is nie of nie maklik aan boord bekombaar is vir onmiddellike gebruik nie, die stuurman gelas om die vaartuig onverwyld uit die watergebied te verwyder tot tyd en wyl voldoen is aan al die voorskrifte van hierdie regulasies met betrekking tot toerusting.

VAARTREËLS

22. (1) Niemand mag 'n vaartuig in die watergebied onbewaak laat nie tensy dit deeglik geanker, vasgemeer of tot 'n veilige hoogte op droë grond bo die watervlak vervoer is.

(2) Geen vaartuig mag op 'n ander plek in die watergebied vasgemeer of te water gelaat word nie as dié wat deur die raad vir dié doel aangewys of goedgekeur is, en 'n beampte of gemagtigde werknemer van die raad mag sonder die toestemming van die eienaar enige vaartuig verskuif of op 'n ander plek vasmeer as hy dit in die openbare belang nodig ag.

(3) Geen vaartuig mag in die watergebied aan 'n ander vaartuig of 'n merker, boei of ander navigasie-hulpmiddel vasgemeer word nie.

(4) Die stuurman van enige vaartuig in die watergebied moet sorg dat hy deurgaans terwyl die vaartuig vaar, in so 'n posisie verkeer dat hy volle beheer oor die vaartuig kan uitoefen.

(5) Die stuurman van enige vaartuig in die watergebied wat 'n lyn, kabel of tou vir watter doel ook al sleep, moet sorg dra dat hy niemand anders daardeur in gevaar stel of ongerief veroorsaak nie.

(6) Niemand mag 'n vaartuig in die watergebied so hanteer of toelaat dat dit so hanteer word dat dit 'n gevaar skep of 'n ergernis veroorsaak vir enige ander vaartuig of insittendes daarvan of vir ander persone of eiendom of installasies in of langs die kant van die water nie.

(7) Geen motorboot wat in die watergebied onderweg is of geen persoon wat waterski beoefen in die watergebied, mag nader as 100 meter van 'n plek waar mense swem of nader as 15 meter aan die kant van die water of nader as 15 meter van 'n ander vaartuig beweeg nie, tensy—

(a) omstandighede sodanig is dat vermelde afstande nie gehandhaaf kan word nie;

(b) hulp in 'n noodtoestand verleen word; of

(c) die motorboot of 'n waterskiër wat daardeur gesleep word aan wal gaan of van die wal vertrek: Met dien verstande dat wanneer die voorgeskrewe afstande nie gehandhaaf word nie, die motorboot onmiddellik spoed moet verminder tot minder as 10 knope.

(8) Niemand mag—

(a) op die boeg, voordek of boordwand van 'n motorboot wat in die watergebied onderweg is, verkeer nie, tensy voldoende veiligheidsrelingings of skutrelings aangebring is; en

(b) van 'n motorboot wat onderweg is, spring of duik nie behalwe wanneer hulp verleen word in 'n noodtoestand of wanneer dit nodig is om die motorboot vas te meer of aan land te bring.

(9) 'n Vaartuig in die watergebied moet so gestuur word dat die middellyn van die vaargebied altyd aan die bakboordkant van die vaartuig is.

(h) if it appears to him that any of the equipment prescribed by these regulations is not on board the vessel or in a good working condition or easily available for immediate use on board, order the helmsman to remove the vessel forthwith from the water area until such time as all the provisions of these regulations regarding equipment have been complied with.

RULES FOR OPERATING A VESSEL

22. (1) No person shall leave a vessel unattended in the water area unless it has been properly anchored, moored or removed to dry land at a safe height above the water-level.

(2) No vessel shall be moored or launched at any place in the water area other than that indicated or approved by the board and an officer or authorised employee of the board may transfer any vessel or moor it at any other place without the consent of the owner if he deems this in the public interest.

(3) No vessel shall be moored in the water area to any other vessel or to a marker, buoy or other navigational aid.

(4) The helmsman of any vessel in the water area must ensure that he can at all times exercise full control over the vessel while it is sailing.

(5) The helmsman of any vessel in the water area towing a line, cable or rope for any purpose, must ensure that he does not endanger any other person thereby or cause any inconvenience.

(6) No person shall handle a vessel in the water area, or allow it to be handled in such a manner that it endangers or creates a nuisance to any other vessel or the occupants thereof or to other persons or property or installations in the water or at the water's edge.

(7) No power boat which is under way in the water area and no person who practices water skiing in the water area, shall approach closer than 100 metres to any spot where people are swimming or closer than 15 metres from the edge of the water or closer than 15 metres from any other vessel, unless—

(a) circumstances are such that the said distances cannot be maintained;

(b) assistance is given in an emergency situation; or

(c) the power boat or any water skier towed by it lands or leaves the shore: Provided that when the prescribed distances are not maintained, the power boat must immediately reduce its speed to less than 10 knots.

(8) No person shall—

(a) be on the bow, forward deck or gunwale of any power boat which is under way in the water area, unless sufficient safety rails or guard rails have been installed; and

(b) jump or dive from any power boat which is under way except when help is given in an emergency or when it is necessary to moor or to land the power boat.

(9) In the water area, a vessel shall be piloted in such a manner that the median line of the water area shall always be on the port side of the vessel.

(10) Wanneer twee vaartuie mekaar in die watergebied van voor nader, moet elkeen só gestuur word dat hy die ander aan sy eie bakboordkant verbygaan en, behoudens die bepalings van subregulasie (7), op so 'n afstand en teen so 'n snelheid vaar dat die volgroom van enigeen van die vaartuie nie die ander in gevaar stel nie.

(11) (a) Geen vaartuig mag in die watergebied 'n ander vaartuig wat in dieselfde rigting vaar, verbystek nie, tensy dit veilig is om dit te doen, en sodanige vaartuig moet, wanneer hy dit doen, aan die bakboordkant van die ander vaartuig verbygaan en, behoudens die bepalings van subregulasie (7), op so 'n afstand en teen so 'n snelheid dat sy volgroom nie die ander vaartuig in gevaar stel nie.

(b) 'n Vaartuig wat in die watergebied verbygestek word, handhaaf sy snelheid en rigting totdat die verbystekende vaartuig veilig verby is.

(12) Wanneer twee vaartuie in die watergebied mekaar nader op 'n ander wyse as in subregulasies (10) en (11) bedoel, handhaaf die vaartuig wat die ander aan sy bakboordkant het, sy snelheid en rigting en die vaartuig wat die ander aan sy stuurboordkant het, bly uit daardie ander vaartuig se pad deur sy rigting na stuurboord te verander sodat hy agter die ander vaartuig verbygaan, en hy moet ten einde 'n botsing te vermy, stilhou of agteruit vaar.

(13) (a) Wanneer twee seilaangedrewe vaartuie mekaar só in die watergebied nader dat dit die gevaar van 'n botsing inhou, moet een van hulle, ondanks die bepalings van subregulasies (10), (11) en (12), soos volg uit die ander se pad bly:

(i) Wanneer elkeen die wind aan 'n ander kant het, moet die vaartuig wat die wind aan die bakboordkant het, uit die pad van die ander bly;

(ii) wanneer albei die wind aan dieselfde kant het, moet die vaartuig aan die loefkant uit die pad van die vaartuig aan die lykant bly.

(b) By die toepassing van hierdie subregulasie word die loefkant beskou as die kant teenoor die kant wat die hoofseil dra.

(14) Nieteenstaande die bepalings van subregulasies (9), (10), (11), (12) en (13), moet, waar omstandighede in die watergebied dit vereis dat 'n botsing tussen vaartuie vermy word, 'n motorboot vaarreg gee aan alle ander vaartuie en 'n roeiboort of 'n kano vaarreg gee aan 'n seilaangedrewe vaartuig: Met dien verstande dat hierdie regulasie nie aan die stuurman van enige vaartuig die reg gee om die vaart van 'n ander vaartuig onnodig te versper of belemmer nie.

(15) Die stuurman van enige vaartuig in die watergebied moet 'n veilige en versigtige snelheid handhaaf in 'n gebied waar vaartuie vasgemeer is, vis gevang word of boeie aangebring is, en moet wanneer die uitsig belemmer is weens mistigheid of ander oorsake, die vaartuig onder sy beheer so bestuur dat persone, ander vaartuie of ander eiendom nie in gevaar gestel word nie.

(16) Geen vaartuig in die watergebied mag nader as 100 meter in die volgroom van 'n waterskiër vaar nie.

